

Donderdag 2 Augustus

Skrifgedeelte: 1 Timoteus 1:8-11

Fokusgedeelte: 1 Timoteus 1:8

Die wet dryf ons na Christus

In die vorige verse van die brief (1 Tim. 1:3-7) vaar die apostel Paulus uit teen die dwaalleraars in Efese. Hy beskuldig hulle daarvan dat hulle leermeesters in die wet wil wees, terwyl hulle nie die vaagste benul het waarvan hulle praat nie.

Maar iemand sou kon vra: Het die wet nog enige plek? Het dit nog enige doel? Hierop antwoord Paulus in vers 8: “Ons weet dat die wet goed is.” Die konstante lees en oordenking van die wet is goed. Uit die Skrif self *weet* ons dit (Ps. 19; 119; Matt. 5:17, 18).

Dan moet ’n mens egter die wet reg (wettiglik) gebruik. Ons moenie soos die dwaalleraars in Efese die wet begrawe onder ’n hoop mensgemaakte tradisies wat dit kragteloos maak nie (Matt. 15:6). Ons moenie soos die dwaalleraars die wet gebruik as wegspringplek vir allerhande sinnelose spekulاسie nie. Ons moet die wet ontvang en hoor en ervaar in die bedoeling wat God daarmee het: om sondaars te oortuig van die aakligheid van sonde en die omvang van hulle sonde (Rom. 3:20; 7:7, 12).

Van hierdie sonde gee Paulus ’n paar voorbeelde in vers 9 en 10. Dit is skokkend om te besef dat ons almal tot hierdie lys hoort. Ons almal staan skuldig voor God se wet, en gevolglik voor God. Die wet maak dit dus aan ons duidelik dat ons – soos alle mense – verlore is.

Maar wat doen die wet verder? Dit dryf ons na Christus. Dit maak dat ons ons verlos-sing buite onself in Hom soek. En juis dit is die evangelie: “*Christus Jesus het in die wê-reld gekom om sondaars te verlos*” (1 Tim. 1:15). Wat ’n evangelie, en wat ’n genade! Aan God alleen die eer!

Sing: Psalm 25-1:2, 5

Prof. AJ (Albert) Coetsee (Teologiese Skool Potchefstroom)